**5. Gebedsversoeke**

Die knelendste sake op die agenda is die droogte in die Oos-Kaap en daarmee saam seker enige iets wat met grond te doen het. Verlede jaar toe die droogte in die Wes-Kaap op 'n ramp afgestuur het was daar uit verskeie uithoeke van die land oproepe om vir reën te bid. Intussen is die situasie in die Wes-Kaap besig om ten goede te verander en en in die Oos-Kaap in kontras net verder te versleg soos die fotos op sosiale media bewys. Dit moet veral baie in die Langkloof reen vir die Kouga dam om weer water te kry! **Bid dat God vir ons dankbare harte sal gee.** Ten spyte van die droogte is daar steeds baie waarvoor ons God kan en moet dank. Laat ons Hom dank vir plekke waar daar reeds reën geval het. 1 Tessalonisense 5:18 – Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag. **Laat ons eendragtig tot God uitroep om genadig te wees en reën te gee.** Laat ons met gebed en smeking na die troon van God toe kom, sodat ons op die regte tyd gehelp kan word. Hebreërs 4:16 – Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.

Oral waar mense van verskillende rasse moet saamwoon en saamwerk is daar die gevaar van konflik, vooroordeel, misverstand en rassisme en veral wanneer daar 'n geskiedenis van wrywings. Bid vir **gebrokenheid** by almal. Rassisme word aangeblaas deur drukgroepe en politieke uitsprake. Dit lei dikwels tot wraak en weerwraak. Bid dat die Heilige Gees aan almal op plase elke vorm van rassisme, bitterheid, vernedering, verontregting en vrees sal uitwys en vir maniere om dit te hanteer. "As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld," sê die Here… Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie." (Romeine 12:18-21).

Ons volgende "roadshow" vind plaas vanaf 29 Augustus tot 2 September. Ons hou julle op hoogte.

**Baie dankie vir elke een van julle se gebed en ondersteuning die afgelope paar maande. Dit is vir ons 'n groot voorreg om aan die ontvangkant daarvan te wees. Dankie ook vir die anonieme persone wat dit moontlik gemaak het om 'n nuwe laptop aan te koop!**

## Ons Besonderhede

GAP Ministries, Brocket Straat 9, De Mist, Uitenhage
Tel: 041-9228308 (huis) Pierre Sel: 0833703592 Sugnét Sel: 0834014517
Go and Proclaim Trust: ABSA Bank Uitenhage: 4056657942
E-pos: outreach@global.co.za
www.goandproclaim.co.za www.facebook.com/goandproclaim

GAP MINISTRIES

# GAP NUUS AUG 2018

Persoonlike Nuusbrief van
Pierre, Sugnét, Pieter en Eldi van Wyk

*..verkondig elke dag Sy reddingsdade" -Ps 96:2*

Liewe kosbare vriende,

Ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus, ons bron van krag. Hierdie is ons 2e nuusbrief van 2018 en deel ons graag ons nuus met julle. Kry nuus hier wat jou sal bemoedig, inlig en uitnooi om jou "footprint" in God se koninkryk te vergroot.

**Inhoud**

**1. Gesinsnuus**
**2. "Thoughts on Revival"**
**3. Oos-Kaap Vervolg**
**4. Die Bybelskool op Wiele**
**5. Gebedsversoeke**

**1. Gesinsnuus - van Sugnét**

Was dit nou lekker om vir 'n hele maand lank skoolvakansie te hê en om vir 'n naweek altwee kinders gelyk by die huis te hê. Ons noem dit kersfees in Julie! Eldi het besluit om die uitreik na Thailand te verruil vir 'n ordentlike rus-vakansie by die huis en Pieter kon verlof insit om vir 'n langnaweek huistoe te kom. Die tyd is opgedeel tussen ons, vriende, Oupa-hulle en natuurlik Eldi se perd daar in Kruisrivier wat die meeste tyd en aandag gekry het. Die yskas moes gereeld aangevul word met appels en wortels vir Cordoba. Dit was 'n baie druk, moeilike, maar suksesvolle eerste semester van Eldi se derde jaar in Spraakterapie. 'n Goeie rus, lekker lag en perdry was net die regte ding. Pieter het ook 'n druk program onderbreek om te kom help met oupa se regmaaklysie op die plaas. Ek wonder wie was die blyste om hom te sien, oupa of die honde, maar verseker nie die bobbejane nie.

Dit gaan goed met ons ouers. Pierre se ma bly besig in haar "bediening" by Groenkloof op George en my ouers kon die 22e Julie hulle 57 ste huweliksherdenking vier en in Augustus vier ons my ma se 80e verjaardag.

**"Preekbeurte", Elandsrivier Kerk en 70X7**

Die pyne en skete waarmee ek gediagnoseer is het my laat besef dat ek my lewe en prioriteite in die oë moes kyk. Meer tyd vir rus, meer tyd vir my fami-

lie en gesin en baie meer tyd met God. Hy verlang intimiteit met Hom baie meer as al die besigwees vir Hom. Die geleenthede wat ek kry om te "preek" is vir my baie kosbaar en dit is heerlik en opwindend om met die Bybel besig te wees en te ervaar hoe die Heilige Gees die boodskap inmekaarvleg so in die loop van elke dag. P.T.Forsyth het gesê: "You must get close to people to be able to understand their problems and close to God to be able to do something about it". Dit is 'n voorreg om deel te wees van 'n span mense in Uitenhage-Noord en Elandsrivier wat hulle deel doen met liefde en toewyding. Die inisiatief wat elkeen neem om met sy of haar gawes ander te dien en die dinge te laat gebeur maak dit lekker om saam te werk. Elandsrivier se kerkie hou basaar op die 1ste September en dit beloof om 'n heerlike kuierdag te wees. Die saamwerk en saamkuier bou soveel nuwe vriendskappe. "For some reason or other God has chosen to renew and heal the world by using the humble, the unassuming, the unpretentious, the unspectacular", het iemand een keer geskryf.

Pierre het my en Eldi uitgenooi om die kursus van Bruce Wilkinson, "How to Forgive Others and Yourself", saam met 'n groepie kerkleiers van KwaNobuhle en Rosedale te doen. Die kursus se bynaam is "70X7", en handel oor vergifnis. Ek het so baie geleer daaroor, oor bitterheid, oor God se hoë premie op vergifnis en die gevolge wanneer ons nie vergewe nie. Ek is so bly ek kon dit doen en om te verstaan wat vergifnis is, hoe om ander te vergewe, myself te vergewe en God te vertrou om die onreg namens my te hanteer. Dit was goed!

Huppelkind hou ons nog aan die huppel. Ons het vandag 'n uitstappie gehad na die Slangpark, Museum en Oseanarium in PE. 60 Lewendige lyfies tussen 3 en 5 jaar het vir ons omtrent besig gehou. Almal skree gelyk, of dit voel so. "Tannie kom kyk hier, tannie het jy dit gesien". Hulle het dit so geniet en ek het vêr teruggedink aan hoe ek as kind daar deurgestap het en oopmond na die dolfyn-vertoning gekyk het.

Dankie aan elkeen van julle vir julle voordurende ondersteuning en gebede, dit maak die verskil tussen wen en verloor in die uitleef van ons roeping.

**2. "Thoughts on Revival" - Pierre**

Die onderstaande gedeelte het ek gedeel tydens een van ons onlangse Fraternal byeenkomste. Dit is gedoen teen die agtergrond van al die bespreking oor die onderwerp. Gelukkig moet ek sê dat ek ons koster beter ken en hy nie van een van die "wardens" gaan wees wat sal bedank soos hieronder gemeld word nie.

"Let me start by reading a quote by Shelton Smith: "We need a sweeping revival where people confess their sins and get right with God, where folks turn out in bigger crowds at the church house than they do at the ball game, and where the old-time religion still gets top priority!"

There are as many opinions and theories about revivals as there are car brands



saamwerk. Volgende jaar se verkiesing beloof om 'n baie ongemaklike aanloop te hê en sal dit handig wees as ons die hele provinsie en die land kan toemaak onder 'n kombers van gebed. Dit is tydrowend om tred te hou met alles wat orals op die whattsapp groepe gebeur maar dit help nogal baie om ingelig te bly en van die kantlyn af rigting te kan gee. Dié tegnologie is nie net 'n pyn nie.

Soos in die verlede wil ons graag almal weer uitnooi om ook hierdie jaar deel te neem aan die week van gebed wat in die Metropool gaan plaasvind van 7 tot 14 Oktober. Meer inligting daaroor sal via die ander kanale aan almal beskikbaar gestel word.

**4. Die Bybelskool op Wiele**

Dit raak koud in die konsistorie in die winter veral as mens lank stil sit maar dit het ons nie verhinder om die Bybelskool daar af te skop nie. Met al die geriewe en toerusting daar is dit net soveel makliker. Baie dankie aan die Gemeente wat dit so vrylik beskikbaar stel. Soos in die vorige nuusbrief vermeld is daar nou al 10 kursusse beskikbaar gestel deur "Teach Every Nation" en hopelik teen die einde van die jaar nog tien. Ons het nou al drie van die kursusse aangebied en van hulle weer herhaal. Elke kursus het 'n ander dinamika wat wissel van baie persoonlik en intens tot gemaklik en genotvol soos die een oor "Royal Lessons of Leadership". Laasgnoemde gaan oor die lesse wat ons leer uit die verhale van die Konings van Juda van Saul af tot daar by Sedekia. Dit word op 'n baie humoristiese manier aangebied met die konteks van die kerk in Afrika in die agtergrond. Een van die leiers het opgemerk dat hy graag wil sien dat al die raadslede van ons Stadsraad die kursus ook doen en het hy sommer begin planne maak hoe om dit reg te kry. Ek stem inderdaad met hom saam. Die leiers van Juda behalwe een of twee was 'n korrupte spul en verstaan ek nou beter hoekom die land in so 'n ellendige toestand is. Daar is inderdaad baie lesse wat die politici, en ons, kan leer uit die lewens van die leiers van Juda!

Die welbekende Cassie Carstens is die hoofkarakter in die "Foundations of Youth Leadership" kursus en sit hy die sosiale en geestelike behoeftes van die verskillende lewensfases van 'n kind mooi uiteen. In die proses raak hy aan die enorme probleem van die vaderlose generasie wat in ons land, en Elders in Afrika, grootword. Daar was 'n jong man in die groep en sy getuienis oor sy eie lewe kon net daar en dan die vernietigende effek daarvan bevestig. As ek reg onthou was dit omtrent sy woorde "It is very painfull to grow up without parents and to be cared for by someone who does not care about you. There is no hope." Gelukkig vir hom het David, een van die leiers, hom ontferm oor die jong man en hom in sy huis ingeneem. Cassie het intussen 'n boek oor die onderwerp geskryf met die titel: "The World Needs A Father: A Trainers Guide". Ek het nog nie die boek onder oë gehad nie, maar kan dit dalk as 'n opvolg van dié kursus 'n baie goeie hulpmiddel wees.

boerdery-gemeenskap en was die invloed van die deel van die gemeenskap ook hier duidelik. Ongelukkig as gevolg van die onrustigheid was daar nie verteenwoordiging vanuit die ander gemeenskappe nie. Ons het so 20 kilometer buite Elliot, Barkly-Oos se kant toe oorgebly net as mens die Barkly-Pas uit is. Die middag het ons bietjie tyd gehad en het ek te voet die grondpad Rhodes toe gevat met my werkklere en kerkskoene weens gebrek aan beter voorbereiding. Nou en dan het daar 'n bakkie verbygekom en is ek baie snaaks aangekyk en het ek maar net gewys ek is oraait moenie stop nie. Dit is seker ook een van die mooiste dele van die land en so stil soos 'n nuwe begrafplaas. Die aasvoëls hou jou dop daar bo uit die lug so die beste ding was seker om maar te bly beweeg. Daar kan mens met vrymoedigheid skree, bid, lag huil, of praat afhangende van jou gemoedstoestand sonder dat enige iemand jou hoor. Mens is ook 'n hele 2km nader aan die hemel as waar ons nou is. Tyd daar staan stil. By die byeenkoms die aand vertel een van die boere vir my dat dit gereeld tussen -14 en -18 word en dit dan die hele dag onder vriespunt bly. En volgens hom is dit steeds een van die beste plekke om te boer! Ek het waardering gekry vir die mense daar.

Umtata of te well Mthatha is 'n ander storie. Dit wemel soos 'n miernes wat nou net oopgeskop is. Die uitgerekte taxi staking wat tydens ons vorige besoek so ont-wrigtend was was gelukkig iets van die verlede en het die verkeer die keer beter gevloei. Ons is goed ontvang deur Ds. Ben Kock die plaaslike en enigste domenie in Umtata en was die byeenkoms die aand ook in hulle kerk. Ons was 20 jaar terug daar tydens 'n "Love Southern Afrika" konferensie en was dit lekker om weer daar te kom en te sien dat die kerk nog steeds mense bedien alhoewel dit baie kleiner geword het. Umtata is 'n mengelmoes van kerke wat enige inisiatief daar kompliseer. Daar is 'n verskeidenheid van ander bewegings en netwerke so dit vat 'n rukkie om dit te ontrafel tot voordeel van ons besoek. Nietemin daar was 'n goeie opkoms en soos elders het die regte mense gekom en was dit lekker om te ervaar dat almal se harte in ritme klop vir gebed en samewerking. Ook hulle het besluit om op 'n gereelde basis bymekaar te kom om te bid en te beplan.

Oppad terug het ons by Grahamstad gestop en was dit verblydend om te sien dat die samewerking daar aansienlik uitgebrei het. Die katalisator daar was 'n onlangse evangelisasie uitreik van Africa Enterprise wat veral op die Rhodes kampus gefokus het. Dit lyk asof hierdie samewerking se momentum oorgedra word na die ander inisiatiewe, wat goeie nuus is vir Grahamstad.

Die einde van die maand besoek ons weer 'n paar dorpe in die Karoo en woon ons net daarna die nasionale konsultasie vir gebedsleiers in Oos-London by. Met die hulp van Jerigo Mure waarvoor ons innig dankbaar is kom ons nader aan ons doel om te sien dat daar teen die einde van die jaar gebedsnetwerke dwarsoor die provinsie in plek sal wees en dat bestaande netwerke nouer sal



on the market. These opinions are largely influenced by our denominational backgrounds and denominational culture, our worldview, our knowledge or lack of knowledge of past revivals and our own personalities. But what is certain is that there is a growing urgency and desperation that God will do something extraordinary, and wide spread in our lifetime. More and more people are seeking the presence of God, and for longer periods. These include lay people as well as Church and market place leaders all across our nation, Africa and the rest of the world.

What we don’t have is a frame of refence, as most stories about revivals are in the history books and here and there one could find a remnant on YouTube that could testify to the powerful outpouring of God’s Spirit at a certain time in history. Certain churches do experience revivals, also in our community but it is localised, and very much confined to that particular church's boundaries. So it leaves us with a lot of guesswork.

Keeping the background of what happened in the book of Acts in mind, when people were daily added to the church, let us for a moment consider a "worst case" scenario, should God decide to pour out His spirit. When revival comes there is a strong possibility that the church warden will soon hand in his resignation. Churches' toilets will be constantly a complete mess and toilet paper will suddenly become one of the biggest expenses on a church budget. Church Wardens do not sign up for these kind of job descriptions. Visitors will most probably camp overnight on the doorsteps of churches. They will mess on the carpets and dirty whatever they can lay their hands on, or step on. It might not only be the church warden that will resign but also the Sunday school teachers that suddenly have to deal with hordes of children that have never seen the inside of a church before. Church leaderships will suddenly be confronted by a changing liturgy and time frame for services that might not fit into their frame of reference very well. Church Members might resign or move to other churches as suddenly they are joined in the pews by people that look like the world, smell like the world and act like the world. It may well be the car guards who irritate the life out of us on a daily basis, it may well be the thieves who stole our taps and copper pipes or the washing from the washline. It may also be the beggars, drunkards and drug addicts who come to our front door, or stop us in the street. It will most probably also be people of a different colour and the demographics of churches might change overnight.

Prayer meetings will be open ended and church services more frequent and much longer than usual. Church leaders, Christian workers and lay people helping out will be constantly overworked. The demands of so many people will far outweigh the available resources. When the presence of God suddenly fills a place visitors do not ask a lot of questions. They press in as they are weighed down by their conviction of sin that they don't care less what happens around them. Demons can manifest in numbers. It might be very chaotic.

The following is an abstract from the history of Brownsville Assemblies of God Church found on their website. It illustrates very well a "worst case" scenario. "The following months featured service followed by service, attendees leaving in the wee hours to glean a little sleep, work a few hours, then return to this powerful deposit of God's presence. Nightly, Rev. Hill shared fresh, anointed messages and cast his nets, drawing in souls touched by God's convicting power as Charity James sang with urgent appeal the summons, Mercy Seat. Word spread, beckoning the hungry and the desperate from nearby communities, then surrounding states, the nation, and finally the world. Worshipers from nearly every continent flocked to the West Pensacola suburb of Brownsville to receive a touch from the Father. Rocked by the sudden visitor inflow and awed by this Holy Visitation, Pastor Kilpatrick, Rev. Hill, Pastor's assistant, Rose Compton, and church leaders strategized to accommodate the sudden response. Leadership scheduled four weekly revival services. Brownsville Prayer, Usher, and Personal Ministry teams, supported by other community churches, mobilized to host the guests. For more than eight years, visitors arrived, hungry, to leave powerfully changed. Over ten years later, God continues to meet visitors from the nations. Millions have come, hungry to hear from God. Hundreds of thousands have responded to His call to salvation and a commitment to holiness, and a fresh charge has issued throughout the world for holiness and fresh intimacy with God.

History has shown that past revivals were always seasonal, it carried on for a couple of weeks, months and maybe a few years but in general never longer than  a few years like the Brownsville revival. Revivals like the one at Hern-Hutt, that carried on for almost a century are the exceptions. Regardless of the duration, revi-vals demand, as we can see, a huge sacrifice and a serious analysis of it's consequences. My first question therefore is are we willing to face and prepare for the "worst case" scenario? Do we believe it is possible that revival will come to our doorstep? Does the thought of it leave us with fear in our heart, or a sense of excitement or both? For more than hundred years God, through various Church Leaders, prophets, evangelists and visitors to our country confirmed that a great revival will come forth from the southern tip of the continent and spread like fire through the rest of the world. It promised not to be confined to a particular church or denomination, culture or group. The wave of prayer at present is not only born out of fear for the future of our country but also from a growing hunger and a desire to experience God's tangible presence for the lost. My last question therefore is, is our church, school or ministry part of the groundswell of prayer that is gaining momentum in our country? I want to urge everyone of us to step up our prayer efforts, and to be instrumental in ushering in the presence of God. I do not have any doubt in my heart that it will come to pass. I want to conclude with this quote. Henry Blackaby said: "When Holy God draws near in true revival, people come under terrible conviction of sin. The outstanding feature of spi-



ritual awakening has been the profound consciousness of the Presence and holiness of God" and A.T. Pierson once said: "There has never been a spiritual awakening in any country or locality that did not begin in united prayer."

**3. <u>Oos-Kaap - Vervolg</u>**

Ons is pas terug van ons tweede reis van die jaar deur die Oos-Kaap. Dit is nou ek en Daniel Brink van Jerigo Mure Gebedsnetwerk. Die paaie netwerk is behalwe vir die dele wat onder konstrukie is in 'n baie goeie toestand, solank mens net op die hoofroetes bly. Die pad tussen Oos London en Umtata daar van die Kei rivier af behoort dalk nog die jaar voltooi te wees wat reistyd aansienlik gaan verkort. Volgens die mense op Mthatha het die bouwerk begin aan die tolpad tussen Port Edward en Port St Johns. Dit hou baie voordele in vir alle reisigers maar ook vir mense soos ons.

Hierdie keer het ons by minder plekke aangegaan en gefokus op die groter sentra en belangstellendes genooi uit die omliggende dorpe om die byeenkomste by te woon. Elke dorp het sy eie dinamika en uitdagings maar orals was daar mense met 'n gewillige hart wat bereid was om hande te vat met ander gelowiges in hulle gemeenskap en saam die Here se aangesig te soek. Meeste van die byeenkomste was in die aand en was die opkoms soos verwag nie baie goed nie, maar het die regte mense elke keer opgedaag. Met regte bedoel ek daardie sout van die aarde mense met 'n brandende hart wat bereid is om daardie ekstra paar tree te gee. Die inisiatief vind plaas teen die agtergrond van die 7 dae van gebed van herlewing wat elke jaar gehou word en waarmee julle bekend is. Maar dit gaan oor meer as net gebed. Dit gaan ook oor hoe leiers en gelowiges uit verskillende kerke en gemeenskappe kan hande vat en begin saam werk, stoei en bid. In Cradock het die leiers besluit om vir 'n periode van sewe weke in aanloop tot die week van gebed elke week vir 'n ander instansie in die gemeenskap te bgin bid. As ek reg onthou is die Kooperasie op Cradock die week aan die beurt, die polisiestasie volgende week ensovoorts. Vir die eerste keer tydens ons besoek daar was daar verteenwoordiging vanuit die ander gemeenskappe en is hulle deel gemaak van die inisiatief. Een van die byeenkomste is dan ook geskeduleer vir die township op jou regterkant soos jy die dorp inry. "Julle het op die regte tyd gekom", was baie se kommentaar.

Op Queenstown het die leiers besluit om ook vir 'n periode van 7 weke een keer 'n week bymekaar te kom om saam te bid en te beplan aan hulle week van gebed. In Elliot het ons ons vasgeloop teen protesaksie en was die dorp basies in "lockdown mode". Dankie vir almal wat saamgebid het op daardie stadium vir die gemeenskap. Die volgende dag was dit grafstil en kon ons ons byeenkoms hou die aand in die kerksaal van die NG Kerk wat pas gerestoureer en omskep is in 'n kombuis-eetsaal met rye kisvrieskaste om al die basaar vleis in te berê. Daar was 'n goeie verteenwoordiging vanuit die